

Uitnemendheid in Onderwysleierskap: Hoërskole

Dup van Rensburg – Hoof van Ligbron Akademie vir Tegnologie, Mpumalanga

Soos die naam aandui is Ligbron Akademie vir Tegnologie 'n Fokusskool, waarvan Dup al vir die laaste 16 jaar aan die stuur staan as hoof van die skool. Met Dup aan die stuur het Ligbron gegroei en ontwikkel tot seker die top tegnologie-skool in die land. Ligbron en E-leer is ook sinoniem, met Ligbron se erkenning as die enigste "Smart School Africa". Ligbron E-learning projek saai wiskunde en wetenskaplesse uit vir Grade 11 en 12 leerders na 40 agtergeblewe skole. Die projek het in 1997 begin via satelliet waar 600 agtergeblewe leerders en personeel in die skoolsaal op 'n grootskerm interaktief wiskundeklasse vanaf Johannesburg ontvang het. Met die koms van interaktiewe witborde is die projek uitgebrei tot 'n internasionaal erkende projek van die Wêreldbank wat in Microsoft se kompetisie gevorder het tot die eindstryd in Brasilië. 'n Voorstel aan die NWU om om die hele Open Learning Astandsonderrigstelsel te verander en klasse per interaktiewe witbord landwyd uit te saai, word aanvaar. Ouderdom speel ook geen rol by Ligbron nie. Dup sê dit gaan oor die gees binne in jou. Geen verskoning vir 'n personeellid wat BC (Before Computers) gebore is nie. Geen personeellid wat by Ligbron skoolhou gee 'n nuwe selfoon vir 'n kind of kleinkind om te demonstree hoe dit werk nie. Dup maak seker personeel word weekliks opgelei om tegnologie te gebruik en word blootgestel aan die beste sagteware beskikbaar.

Onder Dup se simpatieke hart het Ligbron ook 'n "state of the art" Leersentrum gebou wat ouers en leerders op talle terreine ondersteun en help. Dup was nie net ook 'n stigterslid van Fedsas nie, daar is bykans geen komitee in die dorp en gemeenskap waarop hy nie dien nie. Dup sê sy dryfveer is om goed te eindig en tot op die laaste dag van sy onderwysloopbaan 'n groeikurwe te toon en beter te vaar as die vorige dag omdat sy ervaring elke dag verhoog. Dup, die SAOU saluer nie net jou nalatenskap nie, ons sien ook uit om te sien wat jy nog alles gaan vermag.